

BOEKBESPREKING

J. A. HENDRIKS, *Het Geheim der Eeuwen*, J. H. Kok, N. V. Kampen, 1955.

Blykens die „Ten Geleide” in hierdie werk het die skrywer, wat arts is in Nederland, nie daarna gestreef om verassende, nuwe insigte te open of opsienbarende eie vondste mee te deel nie, maar wel om die inhoud van die Bybel noukeurig weer te gee. Om temidde van die besighede van die praktyk op ’n ander terrein te beweeg as die van die amp, verdien seker waardering. Ons sien dan ook in die werk ’n evangelisasiepoging om ander te bring tot die lees van die Bybel. Die geheel word in vyf ingedeel n.l. Die opbou van die Vrederyk 2 Die afbraak van die Vrederyk 3 Die voorspelling van die ewige Vrederyk 4 Die Stigting van die ewige Vrederyk 5 Die Voltooing van die ewige Vrederyk. Teen hierdie skematiese indeling kan wel bedenkinge ingebring word, en die vraag doen hom voor of die inhoud van die Skrif op die wyse ingedeel kan word. ’n Ernstige beswaar het ek teen wat die skrywer sê op p. 10 en 11 waar hy beweer dat die betroubaarheid van die Skrif op verassende wyse bevestig word „in de laatste eeuw, door die opgravingen in Palestina en de landen daarom heen”, en „de betrouwbaarheid der Schrift blijkt ook nog uit een ander feit”. As die skrywer op dieselfdebladsy dit het oor die inspirasie van die Skrif, dus dat God die Skrif ingegee het aan die skrywers dan het ons tog seker nie opgrawings nodig om die betroubaarheid daarvan te bevestig nie of soos ons in die Ned. Geloofsbelijdenis verneem „omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle” n.l. hierdie boeke „van God is”. Bedenklik lyk ons wat die skrywer beweer p. 23 dat die

water in Gen. 1:2 nie gewoon water is nie, maar as die aanvang van die stoffies van die wêreld opgevat moet word, as onontwikkelde, ongevormde stof, met 'n verwysing na Spr. 8:26, waar eerder *kluite* vertaal sou kon word. Enkele ander uitdrukkinge maak 'n vreemde indruk b.v. dat die nakomelinge van Set al spoedig openbare byeenkomste gehou het, waar Gods naam aangeroep is p. 25, dat Esau sy seën, d.i. sy lidmaatskap van die-kerk-van-alle-eeue, prysgegee het. Sterk besware het ons teen die al te groot stelligheid waarmee die skrywer bepaalde historiese gebeurtenisse dateer b.v. die benoeming van Josef tot Rykskanselier ca. 1600, die lewenseinde van Josef ongeveer 1560, 'n onderhoud van Moses met Amenophes II, die eerste plaag in Junie 1446, die sprinkaanplaag in Januarie 1445, die intog in Kanaan 1404. As dit alles vasgestaan het sou baie moeilike probleme van die O.T. wetenskap opgelos wees. Jammer is dit dat die skrywer op p. 121 by die Immanuelprofesie skrywe—Zie, *een jonge vrouw . . . i.p.v. de jonkvrouw* (N.B.G.), dit maak nogal verskil.

By die opmerkings wat ons gemaak het, val daar ook veel te waardeer; mag dit meerdere bring tot ondersoek van die Skrif.

E. S. MULDER.

Ds. J. J. VAN WAGENINGEN, *Numeri*, in *Serie De Bybel, toegelicht voor het Nederlandse Volk*, J. H. KOK, N. V. KAMPEN, s.j.

Die boek Numeri behoort nie tot die mees-gelese boeke van die Bybel nie en daarom is ons die skrywer dankbaar dat hy hierdie werkie onderneem om so die boek vir die gewone Bybelleser te verklaar. Na 'n kort inleiding op die boek gaan die skrywer oor tot die behandeling van die inhoud self. Ons vind dit jammer dat die teks wat hier gebruik is nog die is van die Statevertaling. As die nuwe vertaling gebruik was as grondslag, dan sou veel van wat in die verklaring gesê is, ongesê gebly het. As voorbeeld kan ons noem Num. 2:2, p. 12, waar die uitdrukking „rondom teenover de tent der samenkomste” verklaar word met „op een afstand rondom . . .”, dieselfde as wat ons lees in die nuwe vertaling. Dit is ook die geval by Num. 11:7-9, waar die skrywer 'n verklaring gee, wat vrywel ooreenstem met die N.B.G. lesing. Dieselfde opmerking geld ook van verskillende ander tekste. Dat die skrywer op p. 64 skrywe dat alleen Moses, Abraham, Kaleb, die volk van Israel as geheel en die Messias, „kneg van die Heere” genoem word is 'n oorsig. Wat dan van Josua, Dawid, Eljakim, Job, Elia, Jona, Serubbabel en selfs Nebukadnesar?

Die werkie sal met vrug gebruik word deur die belangstellende leser.

E. S. MULDER.

Ds. H. A. WIERSINGA, *Jeremia II*, in *Serie, De Bijbel toegelicht voor het Nederlandse Volk*, J. H. Kok, N. V. Kampen, 1954.

Die werk is bestem vir 'n wye leserskring, soos blyk uit die Serie waarin dit verskyn en sonder enige voorbehoud kan ons sê dat gemeente-

lede wat graag meer wil weet van die geskrifte van die Profete sal profiteer deur die lees van die boek. Ook hier is die teks, eweas die van die ander deeltjies wat ons onder oë gehad het nog die van die Statevertaling, wat ons jammer vind omdat die nuwe vertaling van die N.B.G. die moderne leser meer aanspreek. Na die vers of perikoop volg die verklaringe in helder taal en goed wetenskaplik verantwoord. Ons sou talryke voorbeelde kan aanhaal maar volstaan met te verwys na die toeligting by die Nuwe Verbond in Jer. 31. Ons wil dit graag aanbeveel—neem en lees.

E. S. MULDER.

Dr. J. H. KROEZE, *Die Hooglied, vir die gemeente verklaar*, Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1953.

Met blydschap kon ons kennis neem van hierdie publikasie van die Potchefstroomse hoogleraar in die Semitiese Tale. Vir die gemeentelêde lewer hierdie Bybelboek dikwels baie besware en moeilikhede op. Na 'n kort inleidende woord behandel die skrywer agtereenvolgens die verklaringe van die boek wat in die loop van die tye gegee is n.l. die allegoriese, die „dorsleehipotese”, die kultiese en die dramatiese om dan eindelijk die voorkeur te gee aan die tipologiese of soms genoem die tipiese verklaring. Tog sou ek nie die waarheidselement, in sommige van hierdie verklaringe altans, nie wil ontken nie. Ook die liefdeslied in Israel, wat ons hier in die Hooglied vind dra seker spore van die hele verskynsel in die ou Ooste. Die kultiese patroon van omgewing het Israel nie ongemerk en ongeskonde verbygegaan nie, veral wat die minneliedere betref nie. Dat die Christelike gemeente die verhouding bruidegrom-bruid op Christus en sy gemeente betrek het en nog doen het eintlik voor die hand gelê.

Dit is net jammer dat heelwat spelfoute die boekie ontsier.

Graag beveel ons hierdie bydrae tot ons Afrikaans teologiese literatuur aan.

E. S. MULDER.

Dr. J. T. BAKKER, *Kerugma en Prediking*, J. H. Kok N.V., Kampen. 36 bls. Prys in Nederland fl. 1.50.

Met hierdie rede het dr. J. T. BAKKER op 28 Mei 1957 prof. dr. K. DIJK aan die *Theologische Hogeschool* te Kampen as hoogleraar in die vakgebied wat ons as *Praktiese Theologie* aandui, opgevolg. Betreklik kort daarvoor het BAKKER op die uitstekende proefskrif *Coram Deo. Bijdrage tot het onderzoek naar de structuur van Luthers theologie* aan die Vrije Universiteit te Amsterdam promoveer.

In hierdie uiteensetting probeer BAKKER om die vraag: Wat is prediken? te beantwoord en dan veral ook die daarmee saamgaande vraag: Vanwaar kry die prediker die volmag om te stel dat sy verkondiging die bediening van die Woord van God is? Die vraag waar dit hier om gaan, is die vraag na die *praesentia realis* van God in die predekking. Hoewel

dit in die sakrament deur die hervormers Luther en Calvyn verskillend opgevat is, wys BAKKER terloops daarop dat in die waardering van die heilshistoriese in die prediking die hervormers nie so ver van mekaar af staan nie.

In sy ondersoek betrek BAKKER sowel die O.T. as die N.T. en maak dan die stelling: „De prediking heeft dus geen ander kerugma, geen ander evangelie dan wat ons in de H. Schrift als Zelfopenbaring Gods geschonken wordt, maar in de prediking wordt deze Zelfopenbaring onthuld in haar actualiteit en geldigheid ook voor het heden, waarin de verkondiging uitgaat.” En hierin lê vir BAKKER die samegaan van kerugma en prediking opgeslote.

Hierdie intrede is van werklike belang en word met graagte aanbeveel by hulle wat elke Sondag die voorreg en die verantwoordelikheid het om die Woord van God aan die gemeente te bedien.

A. D. PONT.

Dr. A. SIZOO, *Augustinus Leven en Werken*. J. H. Kok, Kampen. 1957.

So smaakvol as die uitvoering so deeglik is die inhoud van hierdie werk. Sizoo vertel met die vlotheid van die ervare skrywer en die verantwoordelikheid van die wetenskaplike ondersoeker oor die lewe en werk van die noord-afrikaanse kerkvader en een van die grondvesters van die wes-europese beskawing.

Rondom sulke groot figure groei gou verdigsels en spekulasies. Maar in stiptelike trou aan die feitlikheid, verlaat die skrywer hom uitsluitlik op die outentieke bronne om aan die leser karakteriserende blikke in die ontwikkeling van die jong afrikaanse geleerde te gee, in sy worsteling om geloofssekerheid, in die aanleidinge tot sy oorgang tot die Christelike geloof. Dan teken hy Augustinus in sy biskoplike ampspraktyk en sy buitengewoon ryke prediking en sy bekwame bestryding van sektariese strominge. 'n Laaste kort hoofstuk waardeer Augustinus as mens, as persoonlikheid.

In sy eenvoud is die boek van Dr. Sizoo toeganklik vir elke ontwikkelde leser; in sy rykdom van gegewens en wetenskaplike betroubaarheid kan dit met vrug gelees word deur die vakgeleerde.

A. S. GEYSER.

Dr. N. J. HOMMES, *De Vrouw in de Kerk*, T. Wever, Franeker. 1951.

Die besinning oor die plek van die vrou in die Kerk en sy ampte het na die oorlog met hernude krag ontvlam en met hernude ywer word daarvoor gepubliseer. Feitlik gelyktydig met die boek van Hulst oor dieselfde onderwerp, het Dr. Hommes van Gereformeerde kant 'n studie besonderlik oor die neutestamentiese uitsprake daarvoor gepubliseer. Met sorg en omsigtigheid eksegetiseer die skrywer die sogenaamde swyggebod van I Kor. 14:34 vv., en van I Tim. 2:12. Met die uitspraak van I Kor. 11:4, 5, Hndl. 2:17 en talle ander plekke wys hy oortuigend aan dat daar in feite in die Nuwe Testament geen sprake van 'n swyggebod teen die vrou in die

gemeentelike samekoms is nie. Paulus hou vroulike decorum en die beskaafde gedragskode van sy tyd vir die vrou voor oë. Uit Rom. 16:1 e.a.p. en veral uit die vroeg-christelike buitebybelse literatuur wys die skrywer aan dat die Kerk van die begin af minstens die diakens-amp vir die vrou oopgestel het.

In 'n aantal appendices trek die skrywer die riglyne van sy nuu-testamentiese ondersoek oor hierdie vraag deur tot die vrou in haar moderne maatskaplike en kerklike verhoudinge.

Die boek sal nog geruime tyd aktueel en lank besonder lesenswaardig bly.

A. S. GEYSER.

BO REICKE, *Glaube und Leben der Urgemeinde*. Zwingli Verlag, Zürich. 1957.

Hierdie 32ste band in die reeks *Abhandlungen zur Theologie des Alten und Neuen Testaments* bied 'n oorsigtelike verklaring van Handeling 1-7, dié hoofstukke waarin lewe en probleme en oortuiging van die oudste christelike gemeente beskryf word. Die werk pretendeer nie om 'n eksegetiese studie te wees maar wel 'n hermeneutiese uiteensetting. As sodanig is dit besonder leerryk. Met besondere belangstelling lees mens byvoorbeeld waarom die Twaalf vervolledig wou wees en watter konsekwensies die eis dat Judas se plaasvervanger 'n ooggetuie van die Here moes wees, vir die probleem van die sogenaamde apostoliese suksessie inhou.

Dat die skrywer in die wyse van die verkiesing van die plaasvervanger voorafskaduing van die episkopale en die presbiteriale en die kongregasionalistiese vorme van kerkregering sien, getuig wel van vindingrykheid maar dit bly tog 'n vergesogte gevolgtrekking.

Prof. Reicke poog dapper om die pinksterwonder vir die moderne bybelleser aanvaarbaar te verklaar om dan eindelijk tog maar te besluit, „In hierdie vraag het die empiriese wetenskap niks te sê nie”. Al sou sy moedige poging nie 'n oortuigende resultaat vir almal lewer nie, dit openbaar nietemin 'n rykdom van nuwe gesigspunte en 'n weldadige openheid teenoor skriftuurlike probleme.

Soos meeste werke in hierdie reeks, lewer ook die jongste boek van die Baselse hoogleraar 'n oorspronklike en verrykende bydrae tot die wetenskap.

A. S. GEYSER.

DR. S. F. BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, *Catechetiek*. G. F. Callenbach, Nijkerk. 1956.

Met die verwarring van die moderne jeug is die Kerk ook verwickel. Die Kerk moet daarom opnuut oor die kategetiek besin. En min mense is van kerklike kant so goed toegerus vir hierdie besinning oor die jeug se onderrig as die gryse altyd jeugdige Utrechtse hoogleraar in die Praktiese Teologie. In die Woord Vooraf voorsien die skrywer dat menige jong

predikant by die lees van die boek sal sug oor die vars skep werk wat nou al weer bygevoeg word. Dit weerhou die skrywer egter nie om die kategetiek as taak van die Kerk in al sy perspektiewe en grondig te bespreek nie. En die jong en ook die ou predikant, as hul die eerste onderdeel van die werk, die prinsipiële verantwoording van die kategetiese deurgelees het, sal kennis gemaak het tot hul voordeel met nie alleen kategetiek nie, maar met ampsleer, sakramentsleer, dogmatiek, etiek en pedagogiek.

Besonder leerryk versamel die tweede gedeelte van die boek die geskiedenis van die kategetiese onderrig van die Christelike Kerk. Dit begin met nawysbare kategetiese onderrig in die Nuwe Testament en volg die spoor deur die *patres*, die latere romeinse ryk, die Middeleeue, die Reformasie tot in die protestantse beoefening daarvan teenswoordig.

Die derde, die praktiese gedeelte behandel leerplanne, leermiddele en leerstof van die kategetisasie. Uit die aard van die materiaal maar veral uit die rype ervaring, belesenheid en langdurige besinning van die skrywer groei hierdie gedeelte tot 'n besonder geslaagde uit.

Hierdie boek met sy byna 400 bladsye is so inhoudryk dat nie alleen die kateget nie maar elke opvoeder in die algemeen dit met die grootste vrug kan lees.

A. S. GEYSER.